**VRAAG 1** **100 punte**

## Agtergrondinligting

E-buy Bpk ('E-buy') is in Junie 2010 deur Chris Edwards gestig en die maatskappy het kort daarna die aandele van 'n bestaande e-handelsonderneming, bekend as Shop-till-you-Drop (Edms) Bpk, verkry. E-buy is op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer en het aan sy aandeelhouers openbaar gemaak dat die maatskappy aan al die aanbevole praktyke van King IV voldoen. Chris het op 31 Desember 2016 as die hoof uitvoerende beampte (HUB) van E-buy uitgetree, waarna die direksie sy seun, Stephan Edwards, as die nuwe HUB aangestel het.

E-buy is Suid-Afrika se grootste, mees innoverende e-handel kleinhandelaar. Die maatskappy se hoofkantoor is in Johannesburg geleë. E-buy beskou sy klante as sy belangrikste bate. Dit word weerspieël in die maatskappy se passie vir die verskaffing van 'n uitsonderlike klantervaring, van die oomblik dat klante toegang tot E-buy se webtuiste verkry totdat die produk wat hulle bestel het, afgelewer word. E-buy is ook daartoe verbind om 'n positiewe invloed op sy aandeelhouers, die samelewing en die omgewing waarin hulle handel dryf, te hê. E-buy se finansiële jaareinde is 31 Desember.

Die maatskappy het bewys dat dit finansieel stabiel is en die direksie hoop om die beduidende groei wat die onderneming, ondanks moeilike ekonomiese omstandighede en 'n toename in mededinging getoon het, te handhaaf. Die direksie het gevolglik uiters voordelige vergoedingspakkette, gebaseer op die toename in die jaar-tot-jaar-verdienste, aan die uitvoerende direkteure toegeken.

Die vorige ouditeure van E-buy het in Oktober 2017 om die volgende redes bedank:

- Hulle fooie vir die vorige jaar se oudit, synde die oudit vir die 2016 finansiële jaar (FJ2016), is nie betaal nie, omdat Stephan gevoel het die vier maande wat dit geneem het om die oudit te voltooi, buitensporig was. Hulle het die oudit aan die einde van April 2017 voltooi; en
- Stephan het geweier om hulle toegang tot sekere finansiële data, wat hulle vir die uitvoering van hul ouditpligte vir FJ2017 benodig het, te verleen. Ten einde te verseker dat die FJ2017-oudit vinniger afgehandel sou word, het die vorige ouditeure sekere transaksies soos wat dit vanaf Julie 2017 plaasgevind het, begin oudit.

Jy is 'n eerstejaar leerlingrekenmeester by die ouditfirma Nauru & Partners Ing. ('Nauru & Partners').

Lindi Nauru, een van die vennote by jou ouditfirma, en Stephan is reeds sedert hul kinderdae goeie vriende. Om dié rede, en aangesien E-buy nie 'n ouditkomitee het nie, het Stephan Nauru & Partners eensydig as E-buy se eksterne ouditeur vir FJ2017 aangestel, met Lindi as die ouditaanstellingsvennoot. Daarbenewens het E-buy 'n deposito van 10% vir die dienste wat gelewer moet word, betaal, om sodoende te verseker dat Lindi die aanstellingsbrief sou onderteken. Stephan het 'n voorwaarde gestel dat Lindi nie die vorige ouditeure mag kontak nie en sy het daartoe ingestem.

Nauru & Partners is oortuig daarvan dat Lindi om die volgende redes die nodige kennis, vaardighede en ervaring het om die oudit te kan voltooi:

- Afgesien daarvan dat sy 'n Geregistreerde Ouditeur en 'n GR(SA) is, het sy 'n meestersgraad in e-handel; en
- Sy is die ouditaanstellingsvennoot van Fantastic-online-Shopping (Edms) Bpk ('Fantastic'), 'n maatskappy wat die direkteure van E-buy van plan is om in 2019 oor te neem as deel van hul 'langtermyn strategiese program om hul markaandeel uit te brei'. Stephan het laat blyk dat daar vir Lindi 'moontlik iets daarin kan wees' indien sy kan help sorg dat die transaksie plaasvind en kan verseker dat Fantastic se wins nie so hoog is as wat 'n mens sou verwag nie.

Jy het die 'afskop'-vergadering vir die oudit op 18 Januarie 2018 saam met Lindi en die res van die ouditspan bygewoon. Dit was nadat jy en die ander lede van die ouditspan vanaf ander ouditkliënte hertoegewys is om op die oudit van E-buy te konsentreer. Julle is egter ingelig dat julle tyd sal moet inruim vir die uitvoering van hierdie oudit terwyl julle steeds uitstaande werk

ten opsigte van ander kliënte sal moet afhandel en ondanks daarvan dat baie van julle alreeds oortyd werk. Jy was dus nie verbaas toe jy uitvind dat daar onlangs gevalle was waar ouditspanlede onder sodanige uiterse werksdruk verkeer het dat, toe hulle opdrag gekry het om ŉ steekproef van items te oudit, hulle die werkspapier voltooi het asof hulle hierdie items geoudit het, sonder dat enige werk gedoen is nie. Lindi is van mening dat dit soms nodig is om kortpaaie te vind om te verseker dat alle ouditwerk betyds afgehandel word.

Tydens die afskopvergadering het Lindi dit duidelik gemaak dat E-buy ŉ baie belangrike kliënt van die firma is aangesien die ouditfooi Nauru & Partners se omset ŉ aansienlike hupstoot sal gee en daar ook die moontlikheid bestaan dat bykomende dienste aan E-buy gelewer kan word. Sy het gesê dat, na haar mening, dit tot verdere beduidende toenames in omset sou kon lei, in so ŉ mate dat E-buy een van Nauru & Partners se top-vyf-kliënte sou kon wees.

Sy het ook die onderstaande genoem:

- E-buy se rekeningkundepersoneel is almal bevoegde en ervare GRs(SA). Die ouditspan behoort dus nie meer ure bestee as waarvoor begroot is nie. Elke lid van die ouditspan wat nie langer as die begrote ure werk nie, sou van ŉ goeie prestasiebeoordeling en gevolglik ŉ goeie jaarlikse prestasiebonus gewaarborg wees. Sy het gesê dat sy glo dat die rekeningkundepersoneel van E-buy die beste was wat sy nog teëgekom het en dat hulle vertrou kan word, wat beteken het dat die ouditspan nie te veel vrae sal hoef te vra nie.
- Haar man, Barry Nauru, is E-buy se finansiële kontroleur en hy sou sorg dat die ouditspan al die nodige ondersteunende ouditdokumentasie ontvang wat hulle in staat sou stel om die oudit so vinnig as moontlik af te handel en af te teken. Dit is belangrik aangesien potensiële beleggers in E-buy die geouditeerde finansiële state van E-buy vir FJ2017 voor 31 Maart 2018 benodig.
- Sy het ŉ paar aande tevore tydens ŉ ete met Stephan oor die bepalings van die ouditaanstelling ooreengekom en het gesê dat sy hul ooreenkoms op ŉ latere stadium sou dokumenteer en op lêer sou plaas. Sy sou Stephan die aanstellingsbrief laat onderteken wanneer hy op 28 Maart 2018 van sy vakansie terugkeer. Sy het Stephan gerusgestel dat die ouditspan intussen met die oudit sou begin.
- Sy is onder erge werksdruk en sou min tyd hê om al die ouditwerkspapiere self na te gaan en die ouditspan noukeurig te monitor. Sy het egter haar vertroue in die vermoëns van haar personeel uitgespreek.
- Die ouditspan sluit spanlede in wat beskik oor ŉ sekere mate van kennis, vaardigheid en ervaring van die e-handel kleinhandelbedryf. Sy het aan die span genoem dat indien hulle enige vrae sou hê, hulle welkom is om ŉ vriend van haar wat by Takealot.com werk, te kontak en besonderhede van die transaksies wat hul oudit te deel om sodoende ŉ beter begrip van die toepaslike rekeningkundige hantering van die transaksies te kry.
- E-buy se bestuur het aangedui dat hulle graag die ouditspan na die finale nasionale rugbyligawedstryd sou wou nooi, aangesien E-buy ŉ korporatiewe onthaalarea in die stadion het. Dit is ŉ uitsoekgeleentheid en E-buy sal verseker dat alle koste gedek word, met inbegrip van kos, drinkgoed en handelsmerk ondersteunershemde.
- Die span is ook versoek om op 4 April 2018 beskikbaar te wees, aangesien E-buy en Nauru & Partners gereël het om gesamentlike aanbieders van ŉ tentoonstellingstalletjie by die jaarlikse Afrika E-handel Expo te wees.
- Lindi het ook ŉ nuwe vergoedingsbeleid vir Nauru & Partners aangekondig, ingevolge waarvan lede van die ouditspan ŉ bonus sou ontvang indien hulle lewensvatbare bykomende dienste wat die firma aan ouditkliënte kan lewer, sou kon identifiseer.

Kort na die afskopvergadering het die ouditsenior die onderstaande werkspapiere aan jou verskaf:

| **Beskrywing** | |
|---|---|
| C01 | Uittreksel van die stelselbeskrywing vir ŉ verkooptransaksie by E-buy |
| D01 | Ander ouditaangeleenthede |


© SAIGR 2018

| Werkspapier | | C01 |
|---|---|---|
| **Kliënt:** E-buy Bpk | **Voorberei deur:** KLM | **Datum voorberei:** 24 Januarie 2018 |
| **Jaareinde:** 31 Desember 2017 | **Nagegaan deur:** | **Datum nagegaan:** |
| **Onderwerp:** Uittreksel van die stelselbeskrywing vir ’n verkooptransaksie by E-buy | | |

**C1 Agtergrond**

E-buy verkoop kleinhandelprodukte aanlyn deur middel van die onderneming se webtuiste en sy mobiele toepassing (Eng.: ‘mobile application’) bekend as E-mobile. Daar is 25 kategorieë van produkte wat strek van elektronika, lewenstyl, media en rekenaarspeletjies tot mode-items. E-buy besit al die produkte wat aan sy klante verkoop word. E-buy kontrakteer die aflewering van verkoopte produkte uit aan Fast Delivery (Edms) Bpk (‘Fast Delivery’), ’n maatskappy wat spesialiseer in die aflewering van produkte wat deur e-handel-kleinhandelaars verkoop is. E-buy het een pakhuis in Johannesburg en ’n ander in Kaapstad.

E-buy maak gebruik van *Smart*Count, ’n program vir ondernemingshulpbronbeplanning (Eng.: ‘enterprise resource planning’ (ERP)). *Smart*Count is spesifiek doelgemaak vir die behoeftes van die onderneming om ononderbroke en direkte toegang tot albei E-buy-pakhuise via ’n wyeareanetwerk (WAN) aan Fast Delivery te verskaf. *Smart*Count word bedryf op ’n bediener wat by E-buy se hoofkantoor in Johannesburg is. E-buy maak gebruik van brandmure (Eng.: ‘fire walls’) om ongemagtigde toegang tot die *Smart*Count-stelsel, die WAN-verbinding en sy bediener te voorkom. Die brandmure word gereeld deur E-buy se IT-departement opdateer.

Dit is E-buy-beleid dat alle werknemers se profiele en wagwoorde aan E-buy se databeskermingsbeleid moet voldoen. Hierdie profiele bepaal hul toegangsvlakke en magtigingsperke. Die beleid sluit in wagwoordsamestelling, tydperke vir wagwoord-geldigheid, outomatiese stelselveranderinge rakende wagwoorde en geheimhouding van wagwoorde.

Klante volg presies dieselfde proses vir aankope van E-buy-produkte via die E-buy-webtuiste en E-mobile. Marknavorsing het getoon dat die meeste klante verkies om E-mobile te gebruik. E-buy aanvaar slegs betaling by wyse van ’n kredietkaart.

**C2 Registreer ’n profiel**

’n Klant moet ’n profiel registreer ten einde E-buy-produkte aanlyn te koop deur die volgende besonderhede in die velde wat verskaf word, te voltooi:

- Voornaam
- Van
- E-posadres (deur die e-posadres ’n tweede keer te tik om dit te bevestig)
- Wagwoord (deur die wagwoord ’n tweede keer te tik om dit te bevestig)
- Selfoonnommer.

Ná voltooiing van die vereiste velde, moet ’n klant E-buy se bepalings en voorwaardes aanvaar deur die ‘ek aanvaar’-opsie te kies. Al die vereiste velde, met inbegrip van die aanvaarding van E-buy se bepalings en voorwaardes, is verpligtend vir die suksesvolle registrasie van ’n klant se profiel. Nadat ’n klant ’n profiel suksesvol geregistreer het, stuur die *Smart*Count-stelsel outomaties ’n e-pos aan die klant om registrasie te bevestig, asook ’n kennisgewing na die klant se selfoonnommer.

**C3 Aankope**

Sodra ’n klant se profiel geregistreer is, kan die klant aanlyn begin koop. Alle kategorieë van produkte word op die E-buy-webtuiste en E-mobile vertoon. Klante kan ook na spesifieke produkte soek en kan kategorieë produkte volgens prys en gewildheid filtreer. Elke produk toon ’n kort beskrywing, die prys daarvan, en resensies deur ander klante wat alreeds die produk gekoop het.

Sodra 'n klant 'n produk wat hy/sy graag wil koop geïdentifiseer het, kies die klant die 'voeg by trollie'-opsie, wat meebring dat die produk in 'n virtuele winkeltrollie gelaai word. Die klant kan meer as een produk in die virtuele winkeltrollie laai.

**C4 Betaalpunt (Eng.: 'check-out')**

Ná afhandeling van sy/haar inkopies op die E-buy-webtuiste of E-mobile, kies die klant die 'betaal'-opsie. Dit sal die klant na die skerm met die virtuele betaalpunt neem, wat 'n opsomming van al die produkte wat deur die klant geselekteer is, vertoon. Op hierdie stadium kan die klant 'n produk skrap of die hoeveelheid wat gekies is, verander.

Die *Smart*Count-stelsel bereken outomaties die verkoopprys van elke produk op die virtuele betaalpuntskerm deur die aantal geselekteerde produkitems met die prys per die produkprys-hooflêer, wat op die E-buy-bediener gestoor is, te vermenigvuldig. Elke produk word deur 'n unieke nommer geïdentifiseer. Die *Smart*Count-stelsel bereken ook outomaties die BTW teen 14% op die verkooptransaksie. 'n Klant moet dan 'n afleweringsadres insleutel deur die vereiste velde te voltooi. Die volgende stap is om die kredietkaartbesonderhede in die onderstaande velde in te vul, vir betaling via 'n derdepartytuiste wat met die klant se bank koppel:

| **Betaalbesonderhede** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Rekeninghouer se naam en van | *(naam en van hier)* | | | | |
| Kredietkaartnommer | | | | | |
| CVV | | | | *(drie-syfer kode op die agterkant van die kredietkaart)* | |
| Vervaldatum | *M* | *M* | *J* | *J* | |

**C5 Betaling**

Sodra die betaalbesonderhede voltooi en ingestuur is, word die klant na sy/haar bank se beveiligde aanlynbankbladsy (Eng.: 'secure online banking page') gelei, waar die klant sy/haar bankkaart se geheime persoonlike identifikasienommer (PIN) insleutel. Indien 'n betaling suksesvol is, e-pos die *Smart*Count-stelsel 'n faktuur aan die klant en word 'n versendingsnota outomaties aan die toepaslike pakhuisbestuurder gestuur (kyk afdeling C6 hieronder).

Indien 'n betaling nie suksesvol was nie, word 'n boodskap in dié verband aan die klant vertoon. Die stelsel gaan dan terug na die betaalpuntskerm om die proses van vooraf te begin.

Die *Smart*Count-stelsel genereer outomaties 'n uitsonderingsverslag in gevalle waar 'n faktuur aan 'n klant uitgereik is sonder 'n ooreenstemmende versendingsnota. Die uitsonderingsverslag word daagliks deur Stephan, wat dit elektronies ontvang, nagegaan. Stephan keur die verslag met sy unieke wagwoord goed en stuur dit na die geskikte personeel in die rekeningkundedepartement vir verdere ondersoek en regstelling. Sodra die betrokke personeellid die regstelling gemaak het, paar die *Smart*Count-stelsel die regstelling outomaties met die uitsonderingsverslag en verander die status van die verskil na 'reggestel'.

**C6 Versending van verkope**

Die *Smart*Count-stelsel identifiseer die naaste versendingspakhuis waarvandaan die aflewering sal plaasvind, gebaseer op die afleweringsadresveld wat deur 'n klant voltooi is. Die pakhuisbestuurder log op die *Smart*Count-stelsel met 'n unieke gebruikersnaam en wagwoord in en allokeer die versendingsnota aan die eerste beskikbare versendingsklerk. Fast Delivery word terselfdertyd outomaties via die *Smart*Count-stelsel van die komende aflewering in kennis gestel. Elke versendingklerk en kontroleur beskik oor 'n mobiele versendingstoestel waarheen die *Smart*Count-stelsel die versendingsnota stuur wat hulle van die bestelling en besonderhede van die produkte wat vir aflewering uitgesoek moet


© SAIGR 2018

word, in kennis stel. Toegang tot die mobiele versendingstoestelle kan slegs via ŉ unieke gebruikersnaam en wagwoord verkry word. Versendingstoestelle word oornag in ŉ toegesluite kluis bewaar.

Die versendingsklerk kies die produkte (aangedui op die mobiele versendingstoestel) en neem dit na ŉ laairuimte, waar die versendingsnota gedruk en aan die bestelde produkte vasgeheg word. Die laairuimte is ŉ beveiligde area waartoe die relevante persone slegs met behulp van vingerafdrukidentifisering toegang kan verkry. ŉ Versendingskontroleur kontroleer die goedere teenoor die versendingsnota, verseël die bestelling in ŉ karton indien dit korrek is, en dui elektronies aan dat dit gereed is om afgehaal te word. Elke bestelling word in ŉ enkele karton verpak.

Indien die goedere nie met die versendingsnota ooreenstem nie, kies die versendingskontroleur 'stem nie ooreen nie' vir die versendingsnota op die mobiele versendingstoestel en die versendingsnota word dan elektronies na die versendingsklerk teruggestuur. ŉ Boodskap op die versendingsklerk se mobiele versendingstoestel sal ook aandui die versending 'stem nie ooreen nie'. Die versendingsklerk stel dan ondersoek in en spoor indien moontlik die korrekte goedere op.

Indien ŉ versendingsnota vir meer as 24 uur nie met goedere gepaar word nie, genereer die *Smart*Count-stelsel ŉ uitsonderingsverslag wat outomaties na die betrokke pakhuisbestuurder gestuur word. Die pakhuisbestuurder ondersoek die uitsonderingsverslae, sien toe dat dit opgelos word en stel die versendingsnotas elektronies vry met ŉ aantekening oor hoe dit opgelos is. Die stelsel laat nie toe dat halfvoltooide bestellings afgehaal en afgelewer word nie.

Fast Delivery-drywers laai die afgehandelde kartonne by die pakhuis se laairuimte op. Hulle onderteken die versendingsnota elektronies op die versendingskontroleur se mobiele toestel as bewys van ontvangs van die verseëlde karton wat met sodanige versendingsnota verband hou. Daarna mag die drywers die goedere vir aflewering oplaai. Wanneer die versendingsnota deur die drywer onderteken is, word die faktuur as uitgevoer gemerk.

Die *Smart*Count-stelsel verwerk dan die verkooptransaksie in E-buy se rekeninge ontvangbaar sub-grootboek. Dit word gedoen deur die aantal produkitems wat deur ŉ klant gekoop is met die verkoopprys te vermeningvuldig. Die voorraad sub-grootboek word terselfdertyd opdateer om die verkope van die voorraad, gebaseer op die kosprys per die produkprys meesterlêer, te weerspieël. Die kosprys word op ŉ eerste-in-eerste-uit-basis bereken.

**C7 Veranderinge aan die verkooppryse van E-buy se produkte**

Sophia Malala is E-buy se bemarkingsdirekteur. Haar departement se belangrikste taak is om te verseker dat die pryse van E-buy se produkte mededingend en bygewerk bly ten einde E-buy se wins te maksimaliseer. Haar personeel maak gevolglik op ŉ daaglikse basis aanbevelings aan Sophia oor prysveranderinge vir die produkte. Die personeel doen dit deur met hulle unieke gebruikersname en wagwoorde op die *Smart*Count-stelsel in te log, die toepaslike produkpryse te hersien, produkpryse te wysig op grond van hulle professionele oordeel en die 'stuur'-opsie wat op hulle skerms verskyn, te kies. Die *Smart*Count-stelsel stuur dan ŉ stelselgegenereerde kennisgewing van die voorgestelde verandering aan Sophia.

Sophia gaan die aanbevelings na deur met haar unieke gebruikersnaam en wagwoord op die *Smart*Count-stelsel in te log, en die aanbevelings elektronies goed te keur. Sodra dit goedgekeur is, pas die *Smart*Count-stelsel outomaties die betrokke produkte se verkooppryse aan, genereer ŉ elektroniese logboek en stoor die logboek in ŉ geënkodeerde lêer (Eng.: 'encrypted folder') op E-buy se bediener.


© SAIGR 2018

| Werkspapier | | **D01** |
| --- | --- | --- |
| **Kliënt:** E-buy Bpk | **Voorberei deur:** DDW | **Datum voorberei:** 24 Januarie 2018 |
| **Jaareinde:** 31 Desember 2017 | **Nagegaan deur:** | **Datum nagegaan:** |
| **Onderwerp:** Ander ouditaangeleenthede | | |

**D1 Chris Edwards se verkoopopsie-ooreenkoms**

Ingevolge ŉ ooreenkoms aangegaan tussen Chris en E-buy terwyl Chris die HUB van E-buy was, is E-buy verplig om aandele van Chris terug te koop. Dit is tydens samesprekings wat destyds oor sy vergoedingspakket gehou is, beding. Die terugkoop van die aandele moet plaasvind teen die heersende prys op die datum waarop Chris sy verkoopopsie uitoefen. Chris het sy verkoopopsie op 30 Junie 2017 uitgeoefen toe E-buy se aandele teen R400 per aandeel, die hoogste prys ooit, verhandel het. Hy het 375 000 aandele aan die maatskappy terugverkoop. Sommige prominente aandeelhouers van E-buy het later verklaar dat hulle nog nooit van hierdie ooreenkoms gehoor het of dit gesien het nie.

E-buy het nie op daardie stadium oor voldoende kontanthulpbronne beskik om so ŉ beduidende kontantuitbetaling te maak nie en moes daarom eksterne skuldfinansiering aangaan om sy verpligting te kan nakom. Stephan, E-buy se huidige HUB en Chris se seun, het egter gesê dat die direksie in die beste belang van die maatskappy opgetree het deur die aandele te koop, aangesien hierdie transaksie van kritiese belang was om te verseker dat ŉ groot blok aandele nie aan ŉ onbekende eksterne party verkoop word nie.

**D2 B-GSEB-skema (Eng.: 'Broad-Based Black Economic Empowerment scheme' (B-BBEE scheme))**

E-buy oorweeg dit om ŉ aandeeleienaarskapskema te skep om die B-GSEB-vereistes vir Suid-Afrikaanse maatskappye aan te spreek en tot die vermindering van inkomste-ongelykhede asook die bevordering van ekonomiese transformasie by te dra. Tydens hul laaste vergadering het die direksie gevolglik die instelling van ŉ skema voorgestel wat gebruik kon word om E-buy se B-GSEB-telling te verbeter.

Stephan het ŉ universiteitsvriend, Mpho Dodgee, ŉ vooraanstaande prokureur met aansienlike ervaring as ŉ regsadviseur vir ondernemings in staatsbesit, gevra om die B-GSEB-skema te fasiliteer. Stephan stel die volgende voor:

- ŉ Privaatmaatskappy, E-Dodge Edms Bpk ('E-Dodge') sou gestig word om aandele in E-buy teen markwaarde op die Johannesburgse Aandelebeurs te koop.
- Chris sou uit sy eie sak die volle bedrag wat benodig word om die aandele in E-buy te bekom, aan E-Dodge leen.
- Mpho sou 100% van die klas A-aandele, wat volle stemreg sal hê, besit. Hy sal nie daarop geregtig wees om aan enige verdeling van dividende deel te neem nie.
- Chris sou 100% van die klas B-aandele besit. Die klas B-aandele sal volle ekonomiese regte (soos aanspraak op dividende wat deur E-Dodge verklaar word) hê, maar geen stemregte nie.
- Mpho sal ŉ fasiliteringsfooi van R1 miljoen vir die ontwikkeling van die skema hef.

Stephan is baie opgewonde oor die voorgestelde skema aangesien hy die openbare sektor as ŉ potensiële groeigeleentheid geïdentifiseer het.


© SAIGR 2018

SAIGR
DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS
ontwikkel.beïnvloed.lei.

# AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JANUARIE 2018
# PROFESSIONELE VRAESTEL 4

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in ŉ afsonderlike antwoordboek.**

| **VRAAG 1 DEEL I – VERLANG** | | **Punte Sub-totaal** | **Punte Totaal** |
|---|---|---|---|
| (a) | Identifiseer en bespreek die bedreigings vir die onafhanklikheid van Lindi en/of Nauru & Partners met betrekking tot die oudit van E-buy, met verwysing na die inligting in die scenario. Moenie die moontlike voorsorgmaatreëls wat die bedreigings sou kon elimineer of tot ŉ aanvaarbare vlak verminder, aanspreek nie. | 20 | |
| | *Kommunikasievaardighede – duidelike uitdrukkingswyse* | *1* | 21 |
| (b) | Bespreek die aspekte wat Lindi in ag moes geneem het met betrekking tot die integriteit van sleutelbestuur en diegene aan wie korporatiewe beheer toevertrou is, voordat E-buy as ŉ ouditkliënt vir FJ2017 aanvaar is. | 15 | 15 |
| (c) | Bespreek enige kwellings wat jy moontlik met betrekking tot die kwaliteit van die oudit van E-buy mag hê voortspruitend uit die besprekings wat tydens die oudit afskopvergadering van 18 Januarie 2018 gehou is. | 10 | 10 |
| (d) | Aanvaar dat Nauru & Partners E-buy as ŉ kliënt aanvaar het en beplan om op beheermaatreëls te vertrou.<br><br>Beskryf, met verwysing na die inligting verskaf in werkspapier C01 onder die opskrifte: agtergrond, registreer ŉ profiel, aankope, betaalpunt en betaling, die beheermaatreëltoetse wat jy sou uitvoer om die voorkoms (Eng.: 'occurrence') van E-buy se verkope vir FJ2017 te toets.<br><br>Ignoreer koste van verkope. | 15 | |
| | *Kommunikasievaardighede – duidelike uitdrukkingswyse* | *1* | 16 |
| (e) | Aanvaar dat Nauru & Vennote E-buy as ŉ kliënt aanvaar het en beplan om op beheermaatreëls te vertrou.<br><br>Beskryf, met verwysing na die inligting verskaf in werkspapier C01 onder die opskrifte: versending van verkope en veranderinge aan die verkooppryse van E-buy se produkte, die beheermaatreëltoetse wat jy sou uitvoer om die akkuraatheid en volledigheid van E-buy se verkope vir FJ2017 te toets.<br><br>Ignoreer koste van verkope. | 10 | |
| | *Kommunikasievaardighede – duidelike uitdrukkingswyse* | *1* | 11 |
| **Totaal vir deel I** | | | **73** |


© SAIGR 2018

## AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JANUARIE 2018
## PROFESSIONELE VRAESTEL 4

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in ’n afsonderlike antwoordboek.**

| **VRAAG 1 DEEL II – VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (f) | Skryf ’n memorandum, gerig aan die direksie, waarin jy – | | |
| | (i) jou kwellings in verband met Chris Edwards se verkoopopsie-ooreenkoms vanuit ’n korporatiewe beheerperspektief bespreek; en | 14 | |
| | (ii) die voorgestelde B-GSEB-skema krities ontleed. | 11 | |
| | *Kommunikasievaardighede – logiese beredenering; aanbieding* | *2* | 27 |
| **Totaal vir deel II** | | | **27** |
| **TOTAAL VIR DIE VRAAG** | | | **100** |


© SAIGR 2018